17 MAART 2020
HERDERSBRIEF #4

Geliefde Gemeente,

Die Nuwe Testamentiese voorskrif is dat ons ons sal beywer – let wel ***“beywer”*** – met die oog op die beste gawes; en ek wys julle ‘n nog uitnemender weg. ***(1 Kor. 12:31)***

**“<u>BEYWER</u>”**: Vra al ons aandag: ons oorgawe, en gehoorsaamheid. Dit wil sê self-dissipline.

Leierskap, kan slegs na vore kom indien bogenoemde waarheid, die potensiaal wat in elkeen opgesluit is, ontbind. Bogenoemde waarheid moet gedemonstreer word, want die kerk is opgeroep om as gemeente aan die owerhede, en magte – in die lug – die menigvuldige wysheid van God bekend te maak. Wat weet die magte in die lug van u optrede wanneer u buite die raamwerk van kerk aktiwiteite, in u privaat lewe funksioneer? ***(Ef. 3:10)***

Wat hierdie mandaat – wat Christus-gesentreerd is; en Christus gemotiveerd is – moontlik maak, ooreenkomstig ***(Luk. 1:17)***, en tot God gerig is ***(Joh. 1:1; Ef. 2:16)***, vereis en vra ‘n geestelike span, die vermenigvuldigingsverbreiding van die ***“Elia-gees” (Luk. 1:17).*** EKD se opdrag en aanbieding is definitief nie ‘n een man-vertoning nie. Dit beteken nie dat almal van u al so ver gevorder het nie, maar dit vra definitief dat u u sal beywer.

Het ons u aandag, is u oorgegee en is u gehoorsaam?

Die inhoud van hierdie skrywe is bedoel om vir elkeen van ons perspektief te gee, wie vir leierskap kwalifiseer of waarom u nog nie as ‘n ouderling kan funksioneer nie.

EKD GENESIS SINCE 11 JANUARY 1984

15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPO1811131335

Hierdie tydperk van afsondering hoop ek, is ‘n tydperk wat u effektief aanwend, en vertrou dat u uself beoordeel.

Liefdegroete,

Ds. J.F. Landmann
Presiderende Leraar



15822 LYNN EAST 0039 SOUTH AFRICA
+27 12 543 0333
+27 12 567 7010
forum@ekdgenesis.com
www ekdgenesis.com
EKDGENESIS NPC PBO NR: 930056089 (ART.18)